Publication: Burger (Suid Kaap)
Date: Wednesday, February 24, 2021
Page: 1

# 11,1 miljoen mense in SA is sonder werk

**Hanlie Stadler**

Suid-Afrika se werkloosheidskoers is op nog 'n rekord – die sesde in sewe kwartale – en dít op die vooraand van 'n verhoging in die nasionale minimum loon.

Volgens Statistieke Suid-Afrika was die amptelike werkloosheidskoers 32,5% in die vierde kwartaal van 2020, teenoor 30,8% in die derde kwartaal. Soos meer mense begin werk soek het danksy die laer vlakke van inperking, het die uitgebreide werkloosheidskoers wel effens gedaal, van 43,1% tot 42,6%.

Suid-Afrika het nou net meer as 15 miljoen mense met werk – so min soos laas in 2013 gesien is.

Veral die styging van 16,1% in plaaswerkers se minimum loon, wat dit gelykstel met die nasionale minimum loon van R21,69 en die styging van 22,6% in die minimum loon van huiswerkers tot R19,09, gaan dalk tot nóg afleggings in dié kwesbare bedrywe lei. Die nuwe lone word op 1 Maart van krag.

Verlede jaar het sowat 89 000 huiswerkers (insluitend skoonmakers, tuinwerkers en kinderoppassers) hul werk verloor en 75 000 plaaswerkers. Verlede jaar het 1,394 miljoen mense hul werk verloor.

Volgens 'n Agri SA-peiling reken tot 80% van boere dat hulle weens die hoër lone werkers gaan aflê.

Die grootste verlies aan poste in die loop van 2020 was die 256 000 poste wat in finansiële en sakedienste verlore gegaan het, gevolg deur 241 000 poste in gemeenskapsdienste (grootliks die staat) en 230 000 poste in vervaardiging.

Handel – die sektor wat ook restaurante en verblyfondernemings insluit – het 186 000 poste verloor en konstruksie 184 000. Verblyfondernemings en restaurante en kroeë is bes moontlik die ergste deur die inperkings geraak, maar winkels en motorhandelaars trek ook swaar weens die druk op verbruikers se besteding.

**IN DIENS**

**15 miljoen**

**Suid-Afrika het nou net meer as 15 miljoen mense met werk – so min soos laas in 2013 gesien is.**

Altesame 11,1 miljoen Suid-Afrikaners is sonder werk. Dit sluit in 7,2 miljoen mense wat werk soek, 2,9 miljoen ontmoedigde werksoekers en nog byna een miljoen ander mense wat op die randjie van die arbeidsmark staan vir geen goeie rede nie – hulle studeer nie, is nie tuisteskeppers nie en is nie siek of amptelik afgetree nie.

Volgens die DA-LP dr. Michael Cardo onderstreep die syfers die behoefte aan dringende veranderings aan wetgewing om die arbeidsmark buigsamer te maak.

Hy is veral bekommerd oor die 63,2% van jong mense (15 tot 24 jaar) wat nie op skool is, studeer of werk nie. Ook werkloosheid onder mense van 25 tot 34 jaar is hemelhoog op 41,2% (dis die amptelike syfer, nie die uitgebreide syfer nie).

"Hoewel pres. Cyril Ramaphosa in sy staatsrede lippediens gedoen het aan die private sektor as die primêre werkskepper, hou hy en sy administrasie kortsigtig aan fokus op die staatsektor om indiensneming te stimuleer."

Cardo verwys na die skep van 430 000 poste in die regering se program vir uitgebreide openbare werke, maar sê dis korttermynposte (en teen baie minder as die minimum loon) "wat baie min sal doen om die werkloosheidskrisis in die land op te los".

"Net die private sektor kan werk skep teen skaal en die oorheersend ongeskoolde werknemers in die ekonomie absorbeer. Dit beteken dat ondernemings van die wurggreep van staatsregulering bevry moet word."

Hy kap die uitbreiding van kollektiewe bedinging na partye wat nie deel was van ooreenkomste nie, soos onlangs in die restaurantbedryf gebeur het – iets wat die Restaurantvereniging van Suid-Afrika in die hof betwis.

Die DA verwag 'n "bloedbad van poste" lê ook vanjaar voor.

Wandile Sihlobo, ekonoom van die landbousakekamer Agbiz, sê die slagting van poste in die landbou is grootliks weens die verbod op drankverkope. Van die sowat 75 000 plaaswerkers wat hul werk verloor het, was 51 000 in die Wes-Kaap, die hartland van die wynbedryf.

Hy sê baie boere het ook baie minder seisoenwerkers aangestel soos gewoonlik om te help met someroeste van groente en vrugte, in 'n poging om 'n gesonde afstand te handhaaf.

Volgens Nedbank se ekonomiese eenheid bly die meeste van die strukturele tekortkomings, soos kragtekorte, beleidsonsekerheid en vaardigheidstekorte, onopgelos.

This material has been copied under a Dalro licence and is not for resale or retransmission.